LES 5: BLYDSKAP

Bybel Storie gedeelte: Hofman van Ethiopië – Hand. 8

Ons Boodskap vir vandag:
Ons moet die woord van God met blydskap gee en ontvang. Die hoofman was so gevul met blydskap oor die Woord, hy het nie eers agter gekom toe Filippus weg gaan nie. Ons moet ook altyd met blydskap gewillig wees as Jesus ons vir iets wil gebruik. As ons dadelik gewillig is, sal ons groot seën ontvang.

Ons skriffie vir die dag:
So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer. Luk 15:10

Bykomende agtergrond skriffies:
Die HERE jou God is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel. Sef.3:17

Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel. 3 Joh. 3

Stuur U lig en U waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na U heilige berg en na U woninge, dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die siter, o God, my God! Ps 43:3

Want die koninkryk van God is nie
spys en drank nie, maar geregtigheid
en vrede en blydskap in die
Heilige Gees. Rom 14:16

Gebed:
Liewe Jesus,
Baie dankie dat u my raaksien,
en dat U bly is oor my!
Amen

Aktiwiteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleur potlode, watte / wit snesie papier.

Hulpmiddels: Verduidelik dat die herder al die skape gelos het, om die een verlore skaap te gaan soek, soos die gelykenis van die verlore skaap – "Wees saam met my bly, ek het my verlore skaap gekry", Dis hoe Jesus voel oor elke nuwe bekeerling.

Taak: Skryf jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.
Sny die prentjie van die verlore skaap wat gevind is uit, en kleur in. Dan plak julle stukkies watte / snesiepaper wat in bolletjies gerol is, op die skapie se lyf-gedeelte om soos wol te lyk. Teken 'n mooi agtergrond by.

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 6:VREDE

Bybel Storie gedeelte: Josua 7 : Agan se belydenis (gesien, begeer & geneem, voor getuies bely)

Ons Boodskap vir vandag: Sondebelydenis voor 'n getuie, en soek die geselskap van vriende wat die Here met 'n rein hart dien.

Ons skriffie vir die dag:
As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. 1 Joh 1:9

Bykomende agtergrond skriffies:
2 Tim 2:22 Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep.

Spr.28:13 Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang.

Hebr 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

1 Tim. 1:5 Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart, en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof.

Mat 15:19 Bedrog is in die hart van die wat onheil bewerk; maar die wat vrede aanraai, het vreugde. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes.

Gebed:
Liewe Jesus,
Ek is jammer vir alles wat ek doen wat U hart seermaak.
Vergewe my asseblief.
Amen

Aktiwiteit:

Items benodig: Gom, skêr, materiaal (wit & swart), klippies, vere, jou werksboek, skêr, gom, inkleur potlode.

Hulpmiddels: Maak 2 harte, 1 van wit lap (of papier) met vere in, en 1 van swart lap (of papier) met klippe in. Los 'n opening bo aan elke hart. Dit verduidelik die konsep van sonde, belydenis, en vergifnis. Soos 'n mens sonde bely, haal elke keer 'n klippie uit die swart hart en voeg 'n veertjie by die wit hart.

Taak: Dis tyd om die derde vrug in die boom te sit! Sny die lemoen uit op die lyntjies, kleur in, en plak dit in die boom. Skryf ook die versie in jou boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Lees "Jesus se Anti-virus program":

Jannie sit voor sy rekenaar in ongeloof. Al sy inligting is weg! Hy het 'n virus op sy rekenaar gekry! Hy hardloop gou langsaan na Danie toe, want hy weet Danie het 'n anti-virus program. Sy kleinboet Japie sien die geskarrel en vra vir sy ma: Wat is fout met Jannie se rekenaar? Mamma antwoord: Hy het 'n virus opgetel. Japie vra: Is daar medisyne daarvoor? Mamma: Ja, hulle noem dit 'n anti-virus program. Dis waarom hy so vinnig moontlik by Danie die program moet kry om te kyk wat gered kan word. Dis hoekom ons mense ook aaklige viruses uit ons lewe moet kry. Sonde is mos nes 'n virus. Dit glip skelm in jou lewe in, en raak al hoe groter en gevaarliker. As jy weer sien, het dit alles omgekrap!
Maar kan ons ook weer reggemaak word? Natuurlik! Ons anti-virus program is om ons sonde te bely en Jesus te vra om dit te vergewe. Dan maak God al die slegte dinge in ons lewe skoon. Hy vee alles uit sodat dit glad nie meer daar is nie!

Kan jy dink aan enige sondes wat jy hierdie week gedoen het? Vertel vir Jesus, en vra Hy moet jou vergewe.

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 7: VREDE

Bybel Storie gedeelte: Paulus kom tot bekering. Hand 9

Ons Boodskap vir vandag: Gee hart vir die Here – kry so vrede in hart wat alle verstand te bowe gaan. As die Here jou pad langs kom, maak gebruik van die geleentheid, soos Paulus. Hy het daarna wonderlike werk vir die Here gedoen.

Ons skriffie vir die dag:
En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in My gesien het, doen dit, *en die God van vrede sal met julle wees*. Fil 4:7-9

Bykomende agtergrond skriffies:
Sluit tog vriendskap met Hom, sodat jy vrede kan hê; daardeur sal goeie dinge oor jou kom. Job 22:21

My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder. Spr 3:1

As die HERE behae het in die weë van 'n man, dan laat Hy selfs sy vyande met hom vrede hou. Spr 16:7

Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. Joh 14:27

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; Rom 5:1

Verder broeders, wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees. 2 Kor 13:11

Gebed:
Liewe Jesus, Ek gee weer my hart vir U.
Dankie dat U in my plek gesterf het.
Amen



Aktiwiteit:
Items benodig: Jou werksboek , inkleur kryte, skêr, gom, inkleur potlode.

Hulpmiddels: "Die vraag aan Jenny" (Help hulle om opnuut hulle harte vir die Here te gee. Hou 'n bespreking) Skryf ook die versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Die vraag aan Jenny

Gaan jy Hemel toe, Jenny?
Ek weet nie oupa ?
Weet jy hoe kom 'n mens in die Hemel?
Jy moet vreeslik goed wees, oupa !
Is jy so goed, Jenny?
Seker nie. So dan kan ek nie Hemel toe gaan nie !
Ek is ook nie goed genoeg om Hemel toe te gaan nie.

Jenny se oë rek, sy is verbaas. Hoe kan oupa dan nie goed genoeg wees nie, hy is 'n dominee! Wie is dan goed genoeg?

As ons nie in die Hemel kom deur goed te wees nie,
hoe kom ons dan in die Hemel ?
Die Bybel sê: "almal het gesondig" Omdat ons almal sondaars is,
kan ons nooit goed genoeg wees om Hemel toe te gaan nie.
God het ons so lief, dat Hy Sy enigste seun, Jesus,
gestuur het om vir ons sondes te sterf.
Die Bybel sê ook "almal wat Hom aangeneem het,
die wat in Hom glo, aan hulle het Hy mag gegee
om kinders van God te word.
Dan is jy reg vir die Hemel, en wanneer God
wil hê dat jy soontoe moet kom, kan jy gaan.
Wil jy graag vir Jesus vra om jou Verlosser te wees?
O ja oupa ! Ek wil dit dadelik doen.
Liewe Here Jesus, ek glo U het ook vir my sondes gesterf.
Ek is jammer oor al die stout dinge wat ek gedoen het.
Ek neem U nou aan as my verlosser.
Dankie dat ek reg is om nou saam met U in die Hemel te woon.

Miskien was die groot vraag aan Jenny ook jou vraag. Jy kan die Here Jesus as verlosser aanneem, net soos Jenny gedoen het. Doen dit sommer nou! Rom 3:23, 1 Kor 15:3-4, Joh 1:12

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.